



Jesus leef en ons met Hom

Weeklikse Brood vir 8 - 14 September 2019

Dertiende week in Koninkrykstyding

Skriflesing vir die week: Filemon vers 1-21

Skriflesing vir volgende week: *Lukas 15: 1-10*

Sondag - Ingenooi in God se rus en tyd

Lees **Psalm 139: 1-6** as God se belofte en oordink vers 5.

- ✓ Dit is lente! Die begin van 'n nuwe groeiseisoen. Dink na oor die wonderwerk van nuwe lewe.
- ✓ Die Here bevestig hier dat Hy alles van ons weet. Dink na oor hoe hierdie boodskap jou laat voel. Stem dit jou onrustig, of stel dit jou gerus?
- ✓ Raak met jou emosies stil voor God wat jou lewenspad ken en jou omsluit.

Lees **Psalm 139: 13-18**.

- ✓ Dink na oor God se betrokkenheid by jou lewe van die heel begin daarvan.
- ✓ Die wete laat 'n mens twee keer dink oor wat jy sê of doen! Let op wat die psalmdigter sê oor hoe hy die Here prys.

Maandag - Luister na God se Woord

Lees **Filemon vers 1-25**.

- ✓ Filemon is 'n persoonlike brief van Paulus (en Timoteus) aan Filemon, 'n medewerker in Kolosse. Paulus begin sy brief met 'n breedvoerige getuienis wat hy oor Filemon se liefde en geloof gehoor het. Op grond van wat Paulus oor Filemon hoor, spreek hy sy hoop uit dat Filemon vir Onesimus, sy slaaf, in die liefde van Christus terug sal verwelkom.
- ✓ Dit blyk dat Onesimus om die een of ander rede gevlug, Paulus in die tronk in Rome ontmoet en daar tot bekering gekom het. Paulus stuur Onesimus terug na Filemon om die gebroke verhouding te herstel.
- ✓ Ons geloofslawe is dikwels uitdagend. Dis soveel makliker om oor dinge te dink soos die wêreld dit doen. Dinge werk egter andersom in God se koninkryk.
- ✓ Onder God se heerskappy word mense na mekaar gestuur (al is dit soms moeiliker as om weg te loop) om versoening te bewerkstellig – danksy ons versoening met God!

Dinsdag - Luister na mekaar

Lees **Filemon vers 1-25**.

- ✓ Hier lees ons die verhaal van Onesimus, Filemon se slaaf, wat weggeloop en toe saam met Paulus in die tronk beland het. Paulus het hom tot bekering gelei en hom toe na Filemon teruggestuur. Hy het Filemon aangemoedig om Onesimus terug te verwelkom soos hy vir Paulus self sou verwelkom. Al is dit 'n eenvoudige versoek, is dit ook 'n groot uitdaging.
- ✓ Dink na oor mense wat jy ken, ook vreemdelinge. Ontleed die verskil in jou optrede teenoor goeie vriende en familie en teenoor vreemdelinge of mense wat jou "te na gekom" het. Nou neem Paulus se vermaning 'n nuwe betekenis aan.
- ✓ God gee vir ons soveel tweede en derde kanse, en nog meer. Hy vergewe ons en vergeet van ons sonde.

Woensdag - Luister na ander en die tye

Lees **Jeremia 18: 1-11** en **Filemon 1- 25**.

- ✓ Die wêreld van vandag verkondig luidkeels "elkeen vir homself" en "dis jou reg". Baie mense volg eenvoudig hulle begeertes en leef in sonde.
- ✓ God kan ons slegs vorm en verander as ons Hom toelaat en afsien van ons sondige begeertes en dade. Hy pleit elke dag by ons om "julle lewe en julle dade" reg te maak sodat Hy ons kan red en nie vernietig nie, soos Hy met die Israeliete gedoen het.
- ✓ Die herstelde verhouding met God plaas Onesimus ook in 'n nuwe verhouding met Filemon. Paulus versoek in hierdie brief vir Filemon, Onesimus se eienaar, om ook met nuwe oë na sy slaaf te kyk.

Donderdag - Luister weer na God se Woord

Lees **Psalms 139: 1-6, 13-18** en **Filemon 1- 25**.

- ✓ Dit is wonderlik om te weet dat God alles van jou weet. Selfs in tye wanneer jy heeltemal alleen is, is God by jou. Hoe wonderlik is dit om te weet dat selfs wanneer ons nie in beheer is nie, God ons lei.
- ✓ In die brief aan Filemon leer ons iets besonder van gelowiges se verhoudings (selfs tussen werknemer en werkgewer): dit gaan nie oor ons eie voorkeure nie maar oor die liefde van Christus. Christus se liefde is die beweegrede agter ons versoening en verhoudings.
- ✓ God kan enige situasie gebruik en laat alles ten goede meewerk vir die wat Hom liefhet (**Romeine 8: 28**).

Vrydag - Fokus op wat God nou doen

Lees **Jeremia 18: 1-11** en **Psalms 139: 1-6, 13-18**.

- ✓ Soms voel ons onrustig wanneer ons na die wêreld rondom ons kyk. Dit lyk of geweld en misdaad oral heers. Almal kyk permanent oor hulle skouer, onseker oor wat om te verwag. Wat belof God aan ons as ons onself bekeer?
- ✓ Vind troos in God se belofte dat Hy ons wil opbou en presies weet waar ons ons bevind - dag vir dag, oomblik vir oomblik. God is magtig en almagtig!

Saterdag - Antwoord met jou lewe

Lees **Jeremia 18: 1-11** en **Filemon vers 1-25**.

- ✓ Bring vandag tyd by God deur en maak jou hart voor Hom skoon.
 - † Lê alles voor Hom neer.
 - † Gee jou aan Hom oor.
 - † Jesus sal jou herskep en al die krakies en barste heelmaak sodat jy na ander mense kan uitreik.
- ✓ Vra Jesus om in jou hart te werk sodat jy al jou broers en susters in die geloof met liefde sal behandel en nederig sal wees in jou omgang met ander mense. Dank God vir sy vergifnis, leiding en liefde.